Afrikaans Huistaal

Assesseringstaak Kwartaal 3

Graad 5

Naam en Van: ________________________________

Datum: ____________________________________

# MEMORANDUM

| Afdeling | | Punt behaal |
|---|---|---|
| 1. Begripstoets | 10 | |
| 2. Taal | 20 | |
| 3. Stelwerk | 20 | |
| Totaal | 50 | |

Aktiwiteit 1

Begripstoets

Punte: 10

## Besoek aan die dokter

Danie het griep en voel glad nie lekker nie. Hy hoes al heel week. Sy keel brand en hy het baie slym op sy bors. Sy koors was gestraand 40 °C. Sy ma het gese: "Genoeg is genoeg! Ek vat jou vamiddag dokter toe!"



Sy ma het vir hom 'n afrspraak by die dokter gemaak vir vamiddag 3uur. Hy wil glad nie dokter toe gaan nie. Hy haat dit om dokter toe te gaan!

Die rede hoekom hy so bang is vir die dokter is: Inspuitings ! Mens kry altyd 'n inspuiting by die dokter. Hy is eintlik baie braaf, maar vir 'n inspuiting is hy nie so braaf nie. Hy knyp altyd sy oe styf toe en kners op sy tande as die dokter nader kom met die naald. Dan onverwags voel hy 'n steekpyn in sy boud en dan 'n vreeslike brand gevoel.



Nee, dit gaan nie werk nie! Ek moet aan 'n plan dink om nie vandag dokter toe te gaan nie.

## Beantwoord die volgende vrae:

1. Omkring die regte antwoord. Die hoofkarakter in die storie se naam is:
   a. David
   b. Daniel
   c. Danie (omkring)
   d. Darius (1)

2. Wat is fout met Danie? Wat is sy simptome?
   Danie hêt √ griep. Hy hoes √ al heelweek, sy keel √ is seer en hy het slym √ op sy bors.
   ______ (4)

3. Hoekom hou Danie nie daarvan om na die dokter te gaan nie?
   Danie hou nie daarvan om dokter toe te gaan nie, want hy is baie bang vir inspuitings. (1)

4. Wat beteken die woord kners in die sin "kners op sy tande" ?
   Kners op jou tande beteken jy byt baie hard op jou tande.
   ______ (1)

5. Is die volgende stelling waar of onwaar?
   *Danie is baie braaf, hy is glad nie bang vir inspuitings nie.* Onwaar (1)

6. Wat is die antoniem van "braaf" ?
   bang (1)

7. Verdeel die woord "inspuiting" in lettergrepe.
   in - spui - ting (1)



**Totaal Aktiwiteit 1 = ___/10**

# Aktiwiteit 2

## Taal

## Punte: 10

Lees die volgende leesstuk by jouself en beantwoord die vrae.

> In die stad is dit baie besig. Dit is taxi's wat toet, motors wat voor mekaar in jaag en die mense wat skarrel na hul werk. Mans is deftig aangetrek met 'n das en hulle aktetas. Die vrouens het net jiese swart broeke met satyn hempies aan of 'n mooi rok. die grootmenslewe in johannesburg lyk vir my na 'n groot ge jaag.

2.1. Is die volgende stellings waar of onwaar?

2.1.1. In die sin "*In die stad is dit besig*" is **In die stad** 'n bywoord van tyd? Onwaar (1)

2.1.2. Die woord *motors* is 'n selfstandige naamwoord. Waar (1)

2.1.3. In die laaste sin is die woord *my* 'n voornaamwoord. Waar (1)

2.2. Kyk na die sin "*In die stad is dit besig.*"

2.2.1. Skryf die sin in die verlede tyd.
In die stad **was**√ dit baie besig. (1)

2.2.2. Skryf die sin in die toekomende tyd.
In die stad **sal**√ dit baie besig **wees.**√ OF (2)
In die stad **gaan**√ dit baie besig **wees.**√

2.3. Kyk na die laaste sin van die storie. Skryf die sin met die

√ regte leestekens oor.

√

Die grootmenslewe in Johannesburg lyk vir my na 'n groot gejaag. (2)

informeel

2.4. Skryf 'n antoniem neer vir die woord *deftig*. slordig (1)

2.5. Skryf 'n sinoniem neer vir die woord *mooi*. pragtig, beeldskoon (1)

2.6. Wat is die meervoud van *das*? dasse (1)

2.7. Skryf 'n woord uit die storie neer wat 'n **verkleinwoord** is.

hempies (1)

2.8. Skryf 'n voorbeeld van die manlike en vroulike geslag uit die

storie. Mans√ en vrouens√ (2)

2.9. Lees die sin hieronder en volg dan die instruksies.

*Dit is ~~taxi's~~ wat toet, ~~motors~~ wat (voor) mekaar in jaag en*

*die ~~mense~~ wat skarrel na hul werk.*

- Omkring die voortsetsel in die sin. (1)
- Onderstreep die lidwoord in die sin. (1)
- Trek 'n streep deur die 3 meervoude wat jy sien. (3)

2.10. Kyk na die sin: Dit is taxi's wat toet.

2.10.1 Skryf die gesegde van die sin neer. toet ($\frac{1}{2}$)

2.10.2 Skryf die onderwerp van die sin neer. taxi's ($\frac{1}{2}$)

**Totaal Aktiwiteit 2 = ___/20**

Aktiwiteit 3

Stelwerk

Punte: 20

## Dagboekinskrywing

Lees die dagboekinskrywing hieronder oor Ben se moeilkste dag by die skool.

Maandag, 14 Augustus 2017

Liewe Dagboek

Vandag was een van die moeilikste dae in my lewe . . .

Daar het so baie dinge verkeerd geloop. Dit was regtig 'n blou Maandag.

Ons het vandag ons Afrikaanse toets terug gekry en ek het gedruip, al het ek so hard geleer. 35%? Hoe kry 'n mens 35% vir Afrikaans? Ek weet nie hoe gaan ek my ma en pa vertel nie.

Behalwe vir die toets het ek pouse skeef getrap en my voet verstuit. Nou kan ek nie meer Saterdag se groot rugbywedstryd speel nie. Wat 'n nagmerrie!

Hopelik is more 'n beter dag!

**Skryf nou jou eie dagboekingskrywing oor jou moeilikste dag by die skool in die blok op die volgende bladsy. Onthou:**

- Jy moet die dag en datum boaan die inskrywing hê.
- Dit moet soos 'n regte dagboek lyk.
- Jy moet ten minste 100 woorde skryf (tel en dui aan).
- Jy sal volgens 'n rubriek nagesien word.

| | Rubriek Dagboekinskrywing | Punt | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| 1. | Inhoud: Die inhoud is interessant en persoonlik van aard. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| 2. | Toon, register en styl: Dit is duidelik dat dit ‘n persoonlike weergawe van die leerder is. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| 3. | Formaat: Gebruik die korrekte formaat. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| 4. | Taal en spelling: Taal, spelling en leestekens is korrek. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| | **Totaal** | | | | | **/20** |